

8

KERKGESKIEDENIS

Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis tot vandag

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet die geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk vanaf die Kerkvereniging tot nou toe ken.

SPESIFIEKE DOELSTELLINGS

Kennis

Die kinders moet –

- die geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk ken vanaf die mislukking van die Kerkvereniging tot op hede.
- weet hoe ons Kerk die missionêre opdrag (sendingopdrag) van God uitvoer.

Gesindheid

Die kinders moet –

- waardering vir hul eie Kerk hê.
- die begeerte hê om die evangelie aan alle mense te verkondig.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees –

- om die breë trekke van die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis weer te gee.
- om iets te doen as uitvoering van hul missionêre opdrag (sendingopdrag).

MEER INLIGTING

Kerkvereniging

Bo en behalwe die onmin wat op kerklike vlak bestaan het, het die Afrikaners in die Zuid-Afrikaansche Republiek ook die voortdurende spanning van 'n dreigende oorname deur Engeland ervaar. In 1877 is Transvaal deur Engeland ingeval en beset. Dit lei tot verset, en die eerste Anglo-Boereoorlog vind in 1880-1881 plaas. Die oorwinnings wat oor die Engelse

behaal word, lei tot 'n sterk samehorigheidsgevoel onder die Afrikaners. In 1879 en 1881 word op die onderskeie Algemene Kerkvergaderings van die *Nederduitse Hervormde Kerk* en die *Nederduitse Gereformeerde Kerk in die ZAR* die moontlikheid van 'n kerkvereniging genoem.

Dit lei tot verdere samesprekings waar van verskille beweeg word na 'n poging om mekaar te akkommodeer. In kwessies soos die naam van die Kerk word byvoorbeeld besluit dat albei Kerke se name aanvanklik gebruik sal word totdat daar na 'n tydperk op 'n naam besluit sal word. Die verenigde kerk sou aan die begin bekendstaan as *Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk*. Aanvanklik is ook besluit dat slegs predikante wat in die Kaap georden is, predikante van die nuwe Kerk mag wees. Toe daar egter besef word dat sekere predikante van die Nederduitse Hervormde Kerk so uitgesluit sou word, is hiervan afgesien en is al die predikante geakkommodeer. Die afvaardiging van die Hervormde Kerk het weer op hul beurt afgesien van die eis dat daar geen gelykstelling tussen blank en nie-blank mag wees nie.

Op 7 Desember 1885 vind die eerste Algemene Kerkvergadering van die nuutgestigte *Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk* plaas. Die enigste gemeente wat nie teenwoordig was by hierdie vergadering nie, was die Konsulentsgemeente van Pretoria wat vroeër afgestig het as gevolg van die optrede van ds Begeman. Twee ouderlinge, CJJ Joubert en MJ Prinsloo, het gehelp dat die Konsulentsgemeente wat as die *Nederduitse Hervormde Gemeente der ZAR distrik Pretoria* bekendgestaan het, buite die Kerkvereniging gebly het. In Standerton, Middelburg, Rustenburg, Soutpansberg, Heidelberg, Waterberg, Potchefstroom, Klerksdorp, Zeerust en Pretoria was daar ook kerkraadslede en gemeentelede wat besluit het dat hulle lidmate van die *Nederduitse Hervormde Kerk* bly en nie deel van die nuwe Kerk wil wees nie.

Die Konsulentsgemeente van Pretoria wat toe as Witfontein bekendgestaan het, het saam met Middelburg en Standerton vir ds Goddefroy uit Nederland beroep. Op 30 September 1891 word hy deur oudl Joubert as predikant bevestig. Hy begin dadelik daaraan werk om die lidmate wat nie met die Kerkvereniging saamgegaan het nie, bymekaar te maak.

Natuurlik het dit tot groot onmin gelei en heelwat hofsake het gevolg om te bepaal aan wie die kerklike eiendomme eintlik behoort het. Op 5 Junie 1893 het die hooggeregshof bepaal dat 'n kerk of gemeente alleen opgehef kan word indien al sy lidmate toestemming daartoe verleen. Behalwe Trichardtsfontein waar die hof 'n beslissing moes maak, is die kwessie oor eiendomme op die meeste ander plekke vreedsaam opgelos. Dit het daartoe gelei dat die verhouding tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Nederduitse Hervormde Kerk vir baie jare sleg was.

Die Nederduitse Hervormde Kerk het haarself weer eens in die posisie bevind dat daar te min predikante was en het ook nie oor 'n eie opleiding vir predikante beskik nie. Die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902 het die moontlikheid van 'n eie opleiding nog verder bemoeilik. Na die oorlog, vanaf 1902, het die Nederduitse Hervormde Kerk die moeilike proses begin om alles weer in plek te kry. By die Algemene Kerkvergadering wat in 1903 gehou is, is die heropbou van die Kerk met groot erns bespreek.

'n Belangrike mylpaal word in 1917 bereik, toe die Nederduitse Hervormde Kerk die teologiese opleiding by die Universiteit van Pretoria (toe nog bekend as die Transvaalse Universiteitskollege) in samewerking met die Presbiteriaanse Kerk vestig. Die predikante van die Nederduitse Hervormde Kerk word vandag nog aan die Universiteit van Pretoria opgelei

by die Fakulteit Teologie en onder toesig van die Kuratorium. Predikante in die Nederduitse Hervormde Kerk dra vanaf 1904 in navolging van die Nederlandse Hervormde Kerk 'n toga en bef op die kansel. Vroeër het die predikante 'n mantel en bef op die kansel gedra.

Wat die kerklike publikasies aanbetref, het die *Almanak* (jaarboek en dagstukkies) in 1907 en *Die Hervormer* in 1909 onder leiding van ds Jac van Belkum verskyn. Die *Hervormde Teologiese Studies* ('n teologiese vaktydskrif) verskyn die eerste keer in 1943 en lewer deur die jare 'n groot bydrae tot die ontwikkeling van die Bybels-Reformatoriese teologie in Suid-Afrika. Hierdie teologie se naam beskryf presies wat dit is: Die Bybel staan altyd voorop, en wat die Reformatore (Kerkhervormers) in die belydenisskrifte opgeteken het, word as riglyn gebruik om die Bybel te verstaan.

Gedurende 1960 is die administratiewe hoofkantoor van die Kerk in Pretoria opgerig, waar onder andere die kantoor van die administrateur, die ouditafdeling en die Ondersteuningsraad gehuisves word.

Die Kerk vandag

Die Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika het ondanks baie teenstrydige tog groot seën ervaar. Die Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika bestaan vandag uit ongeveer 300 gemeentes en meer as 80 000 belydende lidmate wat regoor die land versprei is. Die gemeentes is in kleiner groepe in ringe verdeel wat jaarliks 'n ringsvergadering hou om sake wat die gemeentes raak, te bespreek. Elke drie jaar word 'n Algemene Kerkvergadering (AKV) gehou waar afgevaardigdes van elke gemeente teenwoordig is.

Diakonale werksaamhede van die Kerk

Twee diakens uit elke gemeente kom ook jaarliks afsonderlik in Ringsdiakensvergaderings byeen om die nood van mense in die gebiede waar die gemeentes is, te bespreek. Diakens uit die verskillende ringe word afgevaardig om driejaarliks in 'n Algemene Diakensvergadering byeen te kom, waar die barmhartigheidsdiens van die Hervormde Kerk beplan en bespreek word. Die Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika doen groot moeite met bejaardesorg, kindersorg, maatskaplike dienste en nog vele meer.

In 1923 is die eerste kindersorg in Krugersdorp opgerig. Later is nog kindersorge in Pretoria en Middelburg opgerig. Vandag word weeskinders in ons Kerk versorg in die Diakonale Pleegsorghuise wat oral in die land bedryf word. Kinders word hier soos in 'n normale huishouding gehuisves met 'n eie "pa" en "ma". Elke lidmaat in die Kerk dra finansiële by om hierdie kinders te versorg.

In 1940 is die NHSV (Nederduitse Hervormde Sustersvereniging) onder leiding van mev A Oosthuizen gestig. Bykans elke gemeente in die Kerk beskik vandag oor 'n NHSV-tak. Die NHSV het deur die jare groot werk verrig op die terrein van barmhartigheid. Die Monumenttehuise waar meer as 1 500 bejaardes versorg word, word vandag nog gebruik.

Die Ondersteuningsraad is in die lewende geroep om te verseker dat die Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika maatskaplike dienste aan lidmate van die Kerk kan lewer. Die Ondersteuningsraad lewer vandag nie net dienste aan die Kerk nie, maar in die gemeenskap onder alle mense. Kantore van die Ondersteuningsraad is landwyd gevestig.

Die Kerklied

Die Kerklied was vir die Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika nog altyd 'n saak van groot

belang. Die jongste uitgawe van die *Liedboek van die Kerk* is bewys daarvan. In samewerking met die ander Afrikaanse Kerke het lidmate, musici en predikante 'n groot rol gespeel in die samestelling van hierdie Liedboek.

Werkzaamhede van SENTIK

Die *Almanak en Bybelse Dagboek* en *Die Hervormer* word vandag steeds gedruk en aan lidmate van die Kerk versprei. Daarnaas word die *e-Hervormer* weekliks elektronies aan intekenaars gestuur. Deesdae beskik die Kerk ook oor 'n webblad met heelwat handige inligting oor die Kerk. Die webblad se adres is www.nhka.org. Verder verskyn ons gesinstydskrif, *Konteks*, elke maand. Verskeie ander boeke is beskikbaar by SENTIK se boekwinkel in Pretoria.

Die Hervormde Kerk en die opdrag om die evangelie aan alle mense te verkondig

Die Nederduitsch Hervormde Kerk het nog altyd die opdrag van Jesus Christus oor die verkondiging van die evangelie aan alle mense ernstig opgeneem. Aanvanklik is die evangelie deur sendinggenootskappe aan die inheemse mense van Suid-Afrika verkondig. Op plase is die evangelie deur die boere self aan hul werkers verkondig.

Tog het die Nederduitsche Hervormde Kerk in die ZAR hierdie opdrag ter harte geneem. Na die Tweede Vryheidsoorlog (Anglo-Boereoorlog) het die Kerk weer aan die saak aandag gegee. In 1928 is die werk opgedra aan die Hervormde Sendinggenootskap, maar in 1945 het die Kerk self verantwoordelikheid vir hierdie taak geneem. Die Kerk het van die begin af die standpunt gehad dat die evangelie die maklikste aan mense met 'n ander taal en kultuur in hul eie taal en teen die agtergrond van hul eie kultuur verkondig moes word. Sotho- en Zoeloesprekende evangeliste is aanvanklik opgelei aan die Universiteit van die Noorde naby Polokwane (vroeër algemeen bekend as Turfloop). Gemeentes is gestig, en later het hierdie opleiding na Klipdrift (naby Hammanskraal) verskuif. Vandag word die opleiding deur AIM (Afrika Instituut vir Missiologie) gedoen. Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika het hierdie saak finansiële gedra en doen dit vandag nog.

Oral is gemeentes gestig en 'n nuwe Kerk (dogterkerk) met die naam Hervormde Kerk in Suidelike Afrika het tot stand gekom. Hierdie Kerk het intussen van naam verander en staan vandag bekend as die Maranatha Reformed Church of Christ. Die MRCC het gemeentes regoor die land en word veral finansiële deur gemeentes van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika ondersteun.

Gemeentes buite die grense van Suid-Afrika

Ons Kerk het reeds vir baie jare gemeentes in Namibië, Zimbabwe, Zambië en Botswana, vandaar die uitbreiding *van Afrika* in ons Kerk se naam. Ons bedien ook in samewerking met ander kerke ons lidmate in Paraguay, Londen, Wene (Oostenryk), Australië en Nieu-Seeland. Waar lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika hulle ook al bevind, daar vind jy die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

Op die terrein van Bybelverspreiding het die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika oor die jare 'n reusebydrae gelewer. Die vertaling van die Bybel in Afrikaans en die Afrikatale is deur onder andere teoloë van ons Kerk gedoen. Ons maak elke jaar 'n groot finansiële bydrae tot die Bybelgenootskap waar ons Kerk oor twee sekretarisse (predikante in diens van die Bybelgenootskap) beskik. Hulle hanteer die verspreiding van Bybels, nie net in Suid-Afrika nie maar regoor die wêreld.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die jongste uitgawe van *Konteks*.
- Die jongste uitgawes van *Die Hervormer* en die *e-Hervormer*.
- Die nuutste uitgawe van die *Almanak en Bybelse Dagboek*.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

HET HULLE GEDOEN EN KAN HULLE ONTHOU?

- Kontroleer of hulle by hul dominee of uit ander bronne gaan uitvind het –
 - watter probleme die verengelsingbeleid van die owerheid in die Kaapkolonie vanaf 1806 vir die skool, kerk en taal veroorsaak het; of
 - watter invloed die koms van die Hugenote na die Kaap op die kerk in Suid-Afrika gehad het.
- Kontroleer of hulle die volgende ken:
 - Watter Kerk het saam met wie in 1652 in die Kaap aangekom? (*Nederlandse Hervormde Kerk saam met Jan van Riebeeck*)
 - Wat is die Nederlandse Hervormde Kerk aan die Kaap na 1824 genoem? (*Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*)
 - Die vrae en antwoorde by IETS OM TE DOEN in Les 7.

VANDAG LEER ONS

IETS INTERESSANT

Maak 'n bondige opsomming van MEER INLIGTING en vertel aan die hand daarvan vir die kinders die geskiedenis.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende feite weer by hulle in:

- Kerkvereniging
 - Die Zuid-Afrikaanse Republiek het die eerste Anglo-Boereoorlog van 1880-1881 gewen, en dit lei tot 'n sterk samehorigheidsgevoel onder die Afrikaners.
 - Op 7 Desember 1885 verenig die Nederduitsche Hervormde Kerk en die Nederduitsche Gereformeerde Kerk, en die Nederduitsche Hervormde of Gereformeerde Kerk kom tot stand.
 - Die enigste *gemeente* wat nie verenig het nie, was Witfontein – ook bekend as die Konsulentsgemeente van Pretoria.
 - Hulle het saam met Standerton en Middelburg vir ds Goddefroy uit Nederland beroep.
 - Die hof het besluit die eiendomme van die Nederduitsche Hervormde Kerk bly dié van die lidmate wat nie verenig het nie.
 - In Standerton, Middelburg, Rustenburg, Soutpansberg, Heidelberg, Waterberg,

- Potchefstroom, Klerksdorp, Zeerust en Pretoria was daar ook *lidmate* en *kerkraadslede* wat nie by die Verenigde Kerk wou aansluit nie.
- Ds Goddefroy is uit Nederland beroep om die lidmate wat nie verenig het nie te bearbei.
 - So het die *Nederduitse Hervormde Kerk* bly voortbestaan.
- Mylpale
 - In 1917 word die Hervormde Kerk se teologiese opleiding by die Universiteit van Pretoria gevestig.
 - Die *Almanak* (jaarboek en dagstukkies) word in 1907 en *Die Hervormer* (ons Kerk se koerant) in 1909 vir die eerste keer uitgegee.
 - Die Kerk vandag
 - Gemeentes is in ringe verdeel wat jaarliks 'n ringsvergadering hou om gemeentesake te bespreek.
 - Elke drie jaar word 'n Algemene Kerkvergadering (AKV) gehou om algemene Kerksake uit alle gemeentes te bespreek.
 - Die diakens kom jaarliks in 'n Ringsdiakensvergadering en driejaarliks in 'n Algemene Diakensvergadering byeen om die nood van mense te bespreek en barmhartigheidswerk te koördineer.
 - In 1923 is die eerste kindershuis (weeshuis) in Krugersdorp opgerig.
 - Vandag word weeskinders in die Diakonale Pleegsorghuise (DPS-huise) versorg.
 - In 1940 is die NHSV gestig.
 - Die Ondersteuningsraad lewer maatskaplike dienste aan lidmate van die Kerk.
 - Die *Liedboek van die Kerk* wys dat ons Kerk die kerklied as 'n saak van groot belang beskou.
 - *Die Hervormer* word steeds uitgegee, en die *e-Hervormer* verskyn weekliks.
 - Die Kerk se webbladadres is www.nhka.org.
 - *Konteks* is die Kerk se gesinstydskrif.
 - Die Hervormde Kerk en die opdrag om die evangelie aan alle mense te verkondig
 - Die Hervormde Kerk verkondig die evangelie aan alle mense.
 - AIM (Afrika Instituut vir Missiologie) behartig die opleiding van predikante uit 'n ander kultuur.
 - Die Kerk waarvoor AIM predikante oplei, veral onder swart mense, staan vandag as die Maranatha Reformed Church of Christ (MRCC) bekend.
 - Teoloë van ons Kerk het saam met ander teoloë die vertaling van die Bybel in Afrikaans en ander Afrikatale gedoen.
 - Die Bybelgenootskap hanteer die verspreiding van Bybels regoor die wêreld.

IETS OM TE DOEN

Laat die kinders die blokkiesraaisel voltooi.

Af

1. Deel van die gekombineerde naam van die Kerkvereniging.
3. Een van die gemeentes wat nie met die Kerkvereniging saamgegaan het nie.
4. Die Anglo-Boere..... van 1880-1881.
5. Die Kerk wat deur die werk van die Nederduitse Hervormde Kerk tot stand gekom het om die evangelie in hul eie tale aan swart mense te verkondig.

- Die gemeente wat saam met Standerton en Middelburg vir ds Goddefroy uit Nederland beroep het.
- Die land teen wie die Zuid-Afrikaansche Republiek twee keer oorlog gevoer het.

Dwars

- Deel van die gekombineerde naam van die Kerkvereniging.
- Die enigste gemeente wat nie wou verenig nie, was diesgemeente van Pretoria.
- Afkorting vir die Universiteit waar die eerste opleiding van predikante van die Hervormde Kerk gevestig is.
- Watter instansie het besluit aan watter Kerk die eiendomme behoort?
- Die afkorting vir die vergadering wat driejaarliks in die Kerk gehou word.
- Hierdie amp kom jaarliks in ringsverband en driejaarliks sinodaal byeen.

		¹ H										³ Z
		E								⁵ M		E
¹ G	E	R	E	F		R	M	E	E	R	D	E
		V								C		R
⁶ W		O								C		U
I		R										S
T		M		² K	⁴ O	N	S	U	L	⁷ E	N	T
F		D			O					N		
O		E			R					G		
N					L					E		
³ T	U	K		⁴ H	O	F				L		
E					G					⁵ A	K	V
I										N		
N		⁶ D	I	A	K	E	N			D		

- Wys die Kerk se publikasies vir die kinders en stuur dit rond in die klas. Vra die volgende vrae en bespreek dit:
 - Wie van julle het al *Konteks* gelees?
 - Dink julle daar behoort sulke publikasies in die Kerk te wees? (*Ja, ons lidmate moet ingelig en op die hoogte wees van wat in die Kerk gebeur as hulle "lewende lidmate" van die Kerk wil wees en hul gelofte om die Kerk te laat groei, wil nakom.*)
 - Wat dink julle is die waarde van die Kerk se tydskrif, *Konteks*? (*Dit bevat goeie artikels oor aktuele lewens- en geloofskwessies, algemene inligting oor verskillende persone en gemeentes in die Kerk, en ook artikels oor wat ons glo.*)
 - Wat dink julle is die waarde van die Kerk se koerant, *Die Hervormer*? (*Dit gee in gedrukte formaat vir ons inligting en bespreking oor belangrike dinge wat in en rondom die Kerk gebeur.*)
 - Wat dink julle is die waarde van die Kerk se elektroniese blad, die *e-Hervormer*? (*Dit gee kortliks vir ons nuusbrokkies oor wat in en rondom die Kerk gebeur, in 'n elektroniese formaat.*)
 - Wat dink julle is die waarde van die *Almanak* waarin die *Bybelse Dagboek* ook opgeneem is? (*Dit verskaf die belangrikste inligting oor al die gemeentes, predikante en dosente van ons Kerk, en dit gee die nuutste statistieke en inligting oor wie op verskillende maniere in die Kerk dien. Die Bybelse Dagboek gee vir ons elke dag 'n dagstukkie vir daardie dag.*)
- Beplan saam met die kinders, die predikant en die persoon wat verantwoordelik is vir publikasies 'n uitstalling van die kerklike publikasies.
 - Reël 'n plek en datum wat geskik is.
 - Maak seker dat soveel moontlik lidmate en kerkraadslede dit kan bywoon.
 - Reël met die verantwoordelike persoon in die gemeente vir doelmatige bestelvorms waarmee lidmate op die kerklike publikasies kan inteken.
 - Berei die kinders voor om die lidmate te oorreed om op die publikasies in te teken.

BY DIE HUIS

DOEN

- Laat die kinders hul missionêre opdrag gaan uitvoer deur aan iemand by die skool, hul huishulp of tuinwerker wat nie 'n Bybel besit nie, een te voorsien. (Laat hulle hul ouers vra om 'n Bybel wat in die persoon se taal geskryf is, by die gemeentelike kerkkantoor of elders te bekom. Indien moontlik, wys die persoon ook hoe om by www.m.bibles.co.za 'n Bybel in sy taal elektronies af te laai en om ook by www.bybelgenootskap.co.za in te gaan vir ander interessante inligting.)
- Laat die kinders die vraelys by Les 9 so volledig moontlik voltooi. Die inligting in die vraelys dien as basis vir Les 9.

LEER

Laat hulle die hoofpunte by IETS BELANGRIK hierbo gaan leer.

AFSLUITING

Sluit af met Gesang 282 as gebed.

*Terwyl ons bid vir elke volk
deur U op aard' geplant,
hóór ons, o Heer, wanneer ons bid
vir hierdie dierbaar land.*

*Ons ouers het in hierdie grond
gewerk waar ons nou woon;
wil soos voorheen u guns en trou
aan hierdie land betoon!*

*Wil elke vyand van ons weer,
gee vrede in ons land
dat voorspoed onder ons mag heers
as gawe van u hand.*

*Behou dan almal wat hier woon
in liefde tot mekaar,
en laat geregtigheid dié band
van eenheid steeds bewaar.*

*Gee, Here, vryheid in ons land
om U te loof en prys;
die ware vryheid van u Woord
aan elke mens te wys.*

*O Heer van nasies, aan u sorg
wil ons ons toevertrou;
ons wil die toekoms op u Woord
en u beloftes bou.*

Amen.